### 1.1.1 MA (Afrikaans en Nederlands)

*Programkodes*

39373 – 879(180)

39373 – 889(180)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

- ŉ HonsBA in Afrikaans of Afrikaans en Nederlands, of ŉ ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig met sodanige Honneursgraad aanvaar.
- Die Departement kan verwag dat jy bykomende agtergrondleeswerk doen.

*Sluitingsdatum vir Aansoeke*

- Suid-Afrikaanse studente:
  - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
  - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

*Programstruktuur*

Die verlangde uitkomste is om jou in staat te stel om:

a) selfstandige navorsing oor die Afrikaanse en/of Nederlandse taal- of letterkunde aan te pak, en

b) jou kennis in taal- en letterkundegerigte loopbane te kan toepas.

*Programinhoud*

**879:**

*Verpligte module*

| | |
|---|---|
| 12789 : Tesis (Afrikaans en Nederlands) | 871(180) |

**889:**

*Verpligte modules*

| | |
|---|---|
| 12789 : Tesis (Afrikaans en Nederlands) | 876(120) |
| 10011 : Buitelandse module | 874(60) |

*Assessering en Eksaminering*

ŉ Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Wat die studie in Nederland of Vlaandere betref, moet jy aan die assesseringsvereistes van die betrokke buitelandse universiteit voldoen.

*Navrae*

Programkoördineerder: Dr Willem Anker
Tel: 021 808 2163 E-posadres: anker@sun.ac.za

Webadres: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch